# ONWRIKBAAR



In ons reeks oor Daniël se onwrikbare geloof en God se onwrikbare soewereiniteit, lees ons vandag uit Daniël 6.

Daniël en sy vriende was ware ambassadeurs in 'n omgewing wat nie met hul waardes saamgestem het nie.  Hulle het nie weggeloop of dit verwerp nie, maar uitgestaan en vasgestaan vir God.  Hulle was sout in hul situasies en het so verandering en verbetering vir almal gebring.

**Lees Daniël 6:1-29** of vertel vir mekaar wat julle onthou van die storie van Daniël in die leeukuil en wat vir julle uitstaan.



# DANIËL 6:1-29

## DANIËL in die LEEUKUIL



Daniël het as 15-jarige in die Babiloniese paleis begin werk en nou, onder die regering van die Persiese ryk, is hy 80 jaar oud – dis ‘n leeftyd!

Die stories van Daniël 1-6 vind dus oor ‘n baie lang tydperk plaas, en is die brandende vuuroond en die leeukuil maar twee groot gebeurtenisse wat noemenswaardig was.

Beide is uitsonderlike gebeurtenisse en absolute wonderwerke!  God het wilde, honger leeus se bekke toegemaak – dit gebeur nie aldag nie!

*Watter wonderwerke het God dalk al in jou lewe gedoen?*

Dit is ook nodig om te weet dat God nie altyd sulke wonderwerke doen nie, volgens Sy wil, en dat Hy ook soms eerder wonderlike werke deur ons doen…  Soms is die wonderlike werke nie so sigbaar nie, dit neem langer en gebeur nie meteens nie…

God het daardie dag vir Daniël in die leeukuil beskerm, maar wat het vooraf gebeur?  Lees **Daniël 6:4-6**.

*Wat staan vir jou uit in hierdie gedeelte?*

*Wat sê dit oor Daniël?  Wat sê dit oor die ander ministers?*

- Daniël het uitgestaan nie net vir sy kennis nie, maar sy harde werk, betroubaarheid, gedissiplineerde godsdiens
- Die ander manne was jaloers, beskuldigend, vals en agteraf.  Hulle wou nie op eerbare manier deur volharding en regte prosedures hulself bevorder nie, maar op ‘n vinnige, oneerlike manier.
- Darius is omgekoop en om die bos gelei en het geval vir slinkse planne



# DANIËL 6:4-6

'Hierdie Daniël het deur sy **buitengewone bekwaamheid** so uitgeblink bo die ander ministers en die goewerneurs-generaal dat die koning van plan was om hom oor die hele koninkryk aan te stel. Die ministers en die goewerneurs-generaal het toe iets teen Daniël probeer kry oor die manier waarop hy die administrasie behartig het, maar hulle kon nie. Hulle kon ook geen onreëlmatigheid vind nie, want Daniël was **betroubaar en was aan geen nalatigheid of onreëlmatigheid skuldig nie**. Hulle sê toe vir mekaar: “Ons sal niks teen hierdie Daniël kry nie, behalwe as ons iets kan kry in verband met sy godsdiens.”



*Het jy al met onregverdigheid te doen gehad?*

*Is jy al valslik beskuldig of onnodig tereg gewys or veroordeel?*

*Voel dit vir jou soms die wêreld dwing kitsoplossings op ons af in plaas van harde werk, moeite en integriteit?*

Die leeus waarmee ons elke dag te doen het, is ‘n realiteit wat ons moeg, ontevrede en waardeloos laat.

In **Daniël 6:11** sien ons wat Daniël in hierdie krisis gedoen het – dit wat hy al vir byna 70 jaar van sy lewe doen – bid. Die klein, skynbaar onbenullige gewoontes wat Daniël daagliks gedoen het, het hom voorberei vir hierdie uitdaging. Sy tenk was vol en hy was gereed vir wat ookal na sy kant toe kom.



# DANIËL 6:11

'Toe Daniël hoor dat die dekreet uitgevaardig is, het hy na sy huis toe gegaan. Sy dakkamer se venster het na Jerusalem se kant toe gekyk en soos sy gewoonte altyd was, het Daniël voortgegaan om drie maal per dag voor sy God te kniel en Hom te prys, te aanbid en te dank. '


GESONDE
DAAGLIKSE
GEWOONTES

Daniël se gesonde daaglikse gewoontes het hom toegerus om groot krisisse te kan hanteer.  Die daaglikse pad wat hy met God gestap het, het hom gehelp om te vertrou en te verduur.  Dit verg gedurige dissipline en volhoubaarheid in die dinge wat ons weet reg is en werk.

*Watter gesonde daaglikse gewoontes skeep jy dalk tans af?  Waarin moet jy dalk volhard?*

Daniël kon swik onder die versoeking om vir 30 dae maar net sy gewone gewoontes te laat vaar – hy het dit immers al vir so lank gedoen, dit sou nie skade doen om af te skeep of in te gee nie.  Hy was immers al 80 jaar oud!

Lees **Hebreërs 10:36-37** en **Galasiërs 6:9** en kyk weer hoeveel keer die begrip "volharding" in vandag se teks vorendag kom.

# HEBREËRS 10:36-37

Volharding is wat julle nodig het om die wil van God te doen en te ontvang wat Hy beloof het. Nog net "'n kort, kort tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie talm nie"



# GALASIËRS 6:9

'Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel.'



Dalk het jy ook al moeg geraak om die een te wees wat hard werk, moeite insit, die regte dinge doen. Jy vra dalk *"Hoe lank nog, Here?" of "Wanneer gaan dit ophou?" of "Ek kan nie meer nie".*

Daniël herinner ons daaraan dat ons enduit moet volhou. Dit voel dalk soos 'n ewigheid, maar God sê dis nog net 'n kort rukkie.

Moenie ingee nie, moenie ophou nie, volhard in die daaglikse roetines en dissiplines wat reg en goed is.


*Hoe is dit van toepassing in jou werkplek? Vir kinders se skoolwerk? In jou huwelik en vriendekring? En hoe is dit van toepassing in jou geloofslewe?*


Geen kortpaaie




## Harsh truth:

There is no substitute for hard work.
Stop chasing shortcuts, start seeking growth.


MY GEBED...

GEBED:

*Here, dankie vir U beskerming en dat U die leeus se bekke stilmaak wanneer ons nie meer weet hoe nie.  Help ons om te volhard in geloof en goeie gewoontes tot eer van U Naam.*

*Ons bid vir ongeregtigheid, onregverdigheid, selfsug en valsheid in die lewe en mense rondom ons.*

*Mag ons vreugde vind in die daaglikse dingetjies en harde werk tot eer van U Naam.*

*Amen.*